

Sing vooraf staande: Psalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:3, 4 (p. 671)

- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.
- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 146:3 (p. 700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Skriflesing: Job 42

Teks: Job 42:1-6; Kategismus Sondag 40

Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my! Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as. (Job 42:1-6 AFR1953)

Om moord te pleeg is in sy diepste wese opstand teen God wat lewe gebied. Dis 'n miskenning van God se uitsluitlike alleenreg om lewe te gebied en te beëindig.

Ons gee aandag aan:

1. **Waar lewe vandaan kom**
2. **Waar lewe heen gaan (bestemming)**

1. Waar lewe vandaan kom

Alle lewe is 'n misterie.

Die mens se lewe is net soveel meer van 'n misterie, want ons lewe bestaan uit 'n geestelike en 'n fisies-natuurlike faset.

- Dink net aan wat die Here openbaar in Kolossense 3:3:
Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
(Kolossense 3:3 AFR1953)
- Dis 'n totale misterie, want die Here kondig aan dat ons dood is, maar hier sit ons almal springlewendig!
- Hy kondig ook aan dat ons alreeds 'n verborge lewe in die Here Jesus lewe, maar hier sit ons nog almal fisies aan hierdie kant van die graf!

Daarom moet ons dankbaar wees omdat die Here ons laat lewe – veral omdat ons in twee wêreldes lewe en God se genade ons in al twee die wêreldes toevou.

- Dink hier byvoorbeeld aan Psalm 103:
Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend. (Psalms 103:1-5 AFR1953)
- Dink ook aan Jona se verstommende belydenis oor die lewe en die Here se genade wat daarin sigbaar is:
Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit; maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God! (Jona 2:6 AFR1953)

Om te lewe is natuurlik nie 'n enkelvoudige saak nie – dis eintlik 'n groot kuns!

- Daar is so baie fasette van die lewe wat ons moet nakom as ons ons lewe behoorlik tot eer van die Here wil lewe.
 - Ons moet byvoorbeeld ons lewe deurbring in vrees vir die Here
. . . dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy geboorte wat ek jou beveel, te hou – jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word.
(Deuteronomium 6:2 AFR1953)
En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; (1 Petrus 1:17 AFR1953)

Dit is presies die rede waarom die sesde gebod soveel betekenis het.

God Drie-Enig is die Skepper van alle lewe. Dis waar lewe vandaan kom.

- Daar is deesdae baie wetenskaplike eksperimente en teorieë wat wil bewys dat lewe self ontstaan het en dat God nie die Skepper is nie.
- Watter standpunt jy sal hê, sal bepaal word deur jou geloofsvertrekkende.
 - As jy ongelowig is, sal jy die skeppingsleer deur die Here – waar Hy die Gewer van alle lewe is – verwerp.
 - As jy gelowig is, sal jy aanvaar dat die Here aan ons openbaar dat Hy alle lewe geskep het en dit in stand hou en beëindig wanneer Hy wil.

Ons mense is nie eers op die gewone manier geskep waarop die Here die res van die skepping geskape het nie.

- Hy het ons geskape en op 'n heeltemal besondere manier die lewe in ons tot stand gebring.
- Die lewe in ons verskil van die lewe wat in die res van die skepping voorkom.
- Alle ander dinge is net tot lewe beveel. Ons het ons lewe persoonlik by God gekry. Die Here openbaar die volgende:

En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. (Genesis 2:7 AFR1953)

Die lewe, ja, guns het U aan my bewys, en u sorg het my gees bewaak.
(Job 10:12 AFR1953)

Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend.
(Job 33:4 AFR1953)

Onthou ook van die ander dinge wat die Here oor ons lewe openbaar:

Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. (Handelinge 17:25 AFR1953)

. . . want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. (Handelinge 17:28 AFR1953)

Ons roeping in die lewe word ook deur God verbind aan die besondere manier waarop Hy lewe aan ons gegee het.

Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het,
(1 Timoteus 6:13 AFR1953)

- Ons het juis die soort van lewe ontvang om soos die Here Jesus tot in die dood toe getuienis te kan gee!

God se skepping is soos Hy – daarom is die hele saak rondom lewe ten diepste 'n misterie.

- Ons kan nie lewe altyd verstaan nie,
- maar ons kan dit ook nie uit onself in stand hou nie.

Dink maar aan Kaïn! Hy was die eerste mens wat geen respek vir lewe gehad het nie.

- Die Bybel is glad nie onduidelik daarvoor dat sy gebrek aan respek vir die lewe juis voortgevloei het uit sy onregverdige lewe (en offer) wat hy met God gehad het nie.

Daarom moet ons die opdrag van die Here gehoorsaam en versigtig werk met lewe en ook baie eerbied en respek hê vir lewe.

- Die beginsel is dat dinge wat God nie vir ons gegee het nie en waarvoor ons nie gesag het nie, ons ook nie kan en mag vernietig as ons nie daarvan hou nie.
- Die lewe is hiervan 'n mooi voorbeeld.
- Daarom is iemand wat moord pleeg direk teen God in opstand.
- Hy misken God se reëls oor 'n bepaalde mens se lewe en die plek wat God aan daardie persoon gee.

Die duiwel se beste speelplek is om al die mooiste dinge wat God gemaak het, af te breek. Hy kan – soos hy dit verstaan – net sy baasskap oor God en sy werke vertoon deur dit af te breek. Voor in die ry van sy dwaashede is die vernietiging van menselewens.

2. Waar lewe heen gaan (bestemming)

Die Here Jesus het die lewe wat ons met die sondeval verbuig en vernietig het, kom herstel.

- Hy het met sy opstanding 'n pad uit die dood uit bewerk waarin almal wat in Hom glo, sal ontstaan om vir ewig in sy koninkryk te lewe.
- Maar dis 'n pad waarin lewe saamgroepeer: Ons moet ons naaste liefhê en ons moet mekaar se lewens beskerm en opbou.
- Dit is waarvan die apostel Paulus praat as hy skryf:
... **wat vir my hulle lewe gewaag het; nie ek alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die heidene.** (Romeine 16:4 AFR1953)

Hierdie toegeneentheid vir lewe is 'n opdrag aan elke mens – soveel te meer aan ons wat in 'n lewende verhouding met God staan. Dit is waarom die Here ons elke Sondag met sy wet toespreek en sê:

“Jy mag nie doodslaan nie.” (Eksodus 20:13 AFR1953)

Kom ons geniet die lewe voluit binne die raamwerk wat God vir ons stel:

... **in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.**
(Lukas 1:75 AFR1953)

Kom ons kyk saam wat ons van lewe bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 40:

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-7:1, 12 (45:1, 12)

1 Hy het my die stad getoon,
groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon,

12 Daar sal in die heiligdom
niemand wat die kwaad bedrywe,
ooit of immer binnekom.

soos 'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n kristallyn
wat in al sy klaarheid skyn.

Hul van wie die naam geskrywe
in die Lewensboek sal staan,
hulle sal daar binnegaan.

Bevestig Erasmus Smit

Psalm 134:4 (p. 653)

4 Laat, HEER, u seën op **hom** daal, / u guns uit Sion **hom** bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor **hom** gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Oktober 2010